<u>Voorligtings aanbieding: Nuwe Beleid op Grond Herverdeling in Suid Afrika.</u>

Vertaal deur Southern Cape Land Committee

Vir die doel van hierdie dokument sal ons reg aan die begin die volledige Engelse omskrywing van die verskeie beleidsrigtings asook die letternaam (**acronym**) gee saam met die Afrikaanse vertaling daarvan. Daar is nie goeie en bruikbare lettername vir die Afrikaanse weergawe nie en daarom sal die Engelse letternaam as 'n agtervoegsel gebruik word dwarsdeur die dokument.

Hierdie voorligtings dokument omskryf die ***State Leasehold and Disposal Pooicy*** (**SLDP**) Staat Huurpag en Vervreemdings Beleid, ***Recapitalisation and Development Programme Policy*** (**RDPP**) die Her-Kapitalisering en Ontwikkelings Program Beleid, ***Agricultural Landholding Policy Framework*** (**ALPF**) en die Landboukundige Grondbesit Beleidsraamwerk en ondersoek die belangrikheid hiervan.

Drie nuwe beleidsdokumente word gebruik om die grondherverdelings beleid effektief te her-definieër, naamlik Staats Huurpag en vervreemdings beleid **(State Leasehold and Disposal Policy SLDP)**, die Her-Kapitalisering en Ontwikkelings Program Beleid **(Re-capitalisation and Development Programme Policy RDPP)**, en die Landbou Grondbesit Beleidsraamwerk **(Agricultural Landholding Policy Framework ALPF).**

A . Die Staat Huurpag en Vervreemdings Beleid (State Leasehold and Disposal Policy)

Die beleid is van toepassing op plase wat deur die **PLAS** program bekom was en is gemik op swart Suid Afrikaners en definieër vier kategorieë/groepe van plaas begunstigdes.

1. Huishoudings met min of geen toegang tot grond, selfs vir oorlewings produksie.
2. Klein- skaal boere, wie boer vir oorlewing en gedeeltelik van hul produksie op plaaslike markte verkoop
3. Medium skaal kommersieële boere wie reeds op klein skaal kommersieël boer en ruimte toon om uit te brei, maar wie deur grond en ander hulpbron tekorte verhinder word.
4. Groot skaal of goedgevestigde kommersieële boerdery teen 'n redelike kommersiële skaal, maar wie benadeel word deur plasing, grootte van

grond en ander hulpbron tekorte en omstandighede, maar tog potensiaal toon om te kan groei.

Staat

Landboubesigheid/Wit Boere



Her-Kapitaliserings Fondse (vir 5 jaar)

Ondergeskik aan Grondbesit perke

Komitees (Nasionaal Provinsiaal Distrik)

Huurooreenkomste wat wets liggame, bankrekenings, verband aktes, 5 jaar proeftyd, bate register en toestemming vir verbeterings insluit

Mentors
Strat Vennote
Gelyke aandeelhouers
Konsultante



Kies begunstigde
Ken huurooreenkomste toe
Hersien vordering (teen besigheidsplan)
Beindig huurooreenkomste
Bepaal boonste en onderste vlakke van grondbesit perke per distrik



Besigheidsplan

Geprojekteerde netto inkomste = sleutel kriteria vir die monitoring van huurder se vordering

(Huur arbeiders en plaas werkers wie grond bekom sal ook van die staat huur teen lae huurpryse)

Begunstigdes = Swart boere
1 = beperkte grond vir bestaan
2 = bestaan + verkoop

3 = medium skaal kommersiele
4 = grootskaal kommersiele boere

Langdurige huurooreenkoms lae huur, geen opsie om te koop

30+20 jaar huur
Huur@5% verwagte Inkomste per jaar
Opsie om te koop

Figure 1. Nuwe Grondherverdelings Beleid 2013

Kategorieë 1 en 2 sal gehuurde staatsgrond teen ‘n nominale (spotprys) bedrag van R1.00 per jaar wees, sonder die opsie om te kan koop. Arbeidshuurders en plaaswerkers wie grond bekom het in terme van die voorsiening van bestaande wetgewing op die bekoming van huurregte, sal ook van die staat huur en slegs ‘n nominale huur betaal.

Kategorieë 3 en 4 sal gehuurde staatsgrond vir dertig jaar huur wees waarop die huur vir ‘n verdere twintig jaar hernu kan word, met ‘n opsie om te kan koop. Die eerste vyf jaar van die oorspronklike huur sal as ‘n proef (voorwaardelike) tyd beskou word, waarvolgens die vordering van die huurder gemonitor word en nuwe huurders sal geen huur vir hierdie tyd betaal nie. Vir kategorieë 3 en 4 sal die huur bereken word op 5% of ‘n geprojekteerde net-inkomste soos uiteengesit is in die aanvaarde besigheidsplan. Huurooreenkomste van die staat sal van huurders verwag om wettige liggaamsreg met banke te reël om sodoende aan besigheidsaktiwiteite deel te kan neem.

Hulle moet ook akte verbande aangaan op hul huurooreenkomste, belasting klarings sertifikate toon, ‘ n bate-register byhou en toestemming verkry om verbeterings aan te bring.

B. Her-Kapitalisering en Ontwikkelings Beleids Programme (Recapitalization and Development Policy Programme RDPP)

Toelae toegeken onder hierdie program sal alle vorige vorme van befondsing vir grondhervorming, wat regstellings vergoedings en ondersteuningstoelaes inslui, vervang. Die rasionaal (denke) hieragter is dat baie grondhervormings projekte onsuksesvol was as gevolg van nie genoegsame en onvanpaste na-vestigings ondersteuning wat nood veroorsaak het en begunstigdes in behoefte vir verder geldelike bydraes geplaas het.

Dit sal ook finansiële ondersteuning bied aan swart plaaseienaars wie nie grondherverdelings begunstigdes is nie, asook aan produsente in gemeenskaplike areas (kommunes). Begunstigdes sal geprioritiseer word in

ooreenkoms met die vier kategorieë in die Staats Huurpag en Vervreemdings Beleid (**SLDP**), maar wat presies hiermee bedoel word is onduidelik. Besigheids of ontwikkelingsplanne deur óf privaatsektor vennote óf departementele kantore sal as gidse gebruik word in besluitneming. Befondsing sal vir ‘n maksimum van vyf jaar wees.

Begunstigdes van die beleid moet besigheidsvennote vanuit die privaatsektor soek om nou saam met met hulle te werk as mentors (raadgewers) of mede-bestuurders, óf binne “gelyke aandeelhouers” ooreenkomste óf as deel van kontrak boerdery skemas. Die definisie van mede-bestuur is verwarrend, maar impliseer ‘n tipe gesamentlike onderneming vir ‘n spesifieke periode van tyd.

C. Landbougrondbesit Beleidsraamwerk(ALPF)

Die Landboukundige Grondbesit Beleidsraamwerk kry inspirasie vanuit die idee (denkrigting) in die 2011 Groenskrif dat een vlak van grondbesit in Suid Afrika, eiendomsreg van beperkte omvang sal wees. Dit stel voor dat die regering maksimum en minimum grondbesit groottes in elke distrik sal vasstel en stappe sal neem om alle boere op of die gespesifiseerde minimum grootte (vloervlak) of onder die maksimum grootte (plafonvlak) te bring. Die rasionaal (denke) hieragter is om hoër vlakke van effektiewe grondgebruik te bereik en totale faktor produktiwiteit optimal (gunstig) te maak.

Distriks grondhervormingskomittees sal grondbesit vloer-en-plafonvlakke bepaal deur ‘n wye reeks veranderlike faktore (insluitend klimaat, grondtipes, water beskikbaarheid, water gehalte, huidige produksie uitleg, kommoditeit spesifieke stremminge, skaal ekonomies, benodigde kapitaal, getal plaaswerkers, afstand na merkers, infrastruktuur tegnologie, prysgrense en verhoudings tussen verskillende “op die plaas” hulpbronne) te ondersoek en te meet. Grondbesit groter as die plafonvlak sal deur die nodige wetgewing en ander maatreëls verklein en gesny word. Wat dit beteken is onduidelik, maar die dokument dui aan dat dit koop (moontlik deur die staat die eerste reg tot weiering op grond vir koop aangebied te gee), onteiening of gelyke verdeling kan insluit.

Die Landbougrondbesit Beleidsraamwerk(**ALPF**) dokument hersien internasionale ondervinding met betrekking tot die vasstelling van grondplafonne as ‘n grondhervormings maatreël, veral die gevalle van Indië, Egipte, Meksiko, die Fillipyne en Taiwan. Die dokument dui daarop dat in bykans al die gevalle die impak van grondplafonne nie opleef tot die

verwagtinge nie en in sommige gevalle selfs geen effek op ongelykhede in grondbesit gehad het nie. Die dokument verklaar ook dat optimale (beste) vlakke van produksie (beide vloer en plafon) dinamies en konstant opwaarts en of af-waarts verander. Die voor die handliggende gevolg dat dit moeilik sal wees, indien nie onmoontlik, om betekenisvolle toekennings van maksimale en minimale grondbesit groottes te maak, en dat in hierdie gevalle die verwagte impak moontlik vernalaat sal word, word nie afgelei nie.

D. Institusionele raamwerk vir die implimentering

‘n Breë gelykvormige institusionele raamwerk vir die implimentering word in elk van die drie herverdelingsbeleids dokumente voorgestel. Distriks komitees sal ge-detaileerde (toegeligte) ondersoeke doen na aansoeke, hulle sal individuele begunstigdes kies, die toekeniing van huurooreenkomste en herkapitaliserings fondse aanbeveel, begunstigdes se vooruitgang teen aanvaarde besigheids of ontwikkelingsplanne nasien, die groote van maksimale of minimale grondtoekenings bepaal en kansellering van huurooreenkomste aanbeveel waar vordering swak of onlewensvatbaar is. Hierdie distriks komitees sal hoofsaaklik bestaan uit amptenare van die verskillende departemente en vlakke van regering, maar sal op distriksvlak ‘n paar verteenwoordigers van die privaatsektor insluit.

In die geval van huurooreenkomste sal die nasionale komitee aanbevelings maak gebasseer op die advies van distrik skomitees en die Direkteur-Generaal van die department sal finale goedkeuring verleen. In verhouding tot her-kapitaliserings befondsing, sal ‘n nasionale komitee onder die voorsitterskap van die Minister finale besluite maak. In verhouding tot grondbesit groottes blyk dit asof die voorgestelde Nasionale Grond Bestuurs Kommissie die finale gesag sal hê,

Ondersoek na die nuwe beleidsdokumente

(i) Die nuwe beleide is nie konsekwent (beginselvas) nie en onduidelik met betrekking tot wie begunstigdes van grondherverdeling moet wees, terwyl ‘n analise (ondersoek) daarop dui dat daar n gunstige oorleuning na opkomende swart kommersiële boere is.

Die Landbougrond besit beleidsraamwerk (**ALPF**) dui aan dat die teiken vir grond herverdeling oor die volgende ses jaar agt miljoen hektaar sal wees, waarvan die helfte toegeken sal word aan persone bekend as kleinhoewe huurders. Die Her-Kapitaliserings en Ontwikkelings Beleidsprogram (**RDPP**) verklaar dat kleinhoewebesit ontwikkeling en ondersteuning vir landbou transformasie ‘n dringende en gebiedende standpunt is, maar ook dat ‘n sleutel strategiese oogmerk die her-aanwakkering van swart kommersiële boerdery moet wees wat deur die 1913 en 1936 Wet op Grondbesit vernietig was. Dit verwys ook in sekere plekke na swart opkomende boere. Niks van hierdie termes word duidelik gedefinieër in die dokumente nie.

Die Staats Huurpag en Vervreemdings Beleid (**SLDP**) se se vier tipes en/of kategorieë van begunstigdes is gebasseer op die idee dat hulle nie eenvormig en of gelyksoortig sal wees nie. Klein skaal boere in kategorieë 1 en 2, wie groter in getalle is as groter kommersieël ge-orienteerde swart boere, sal baie klein huurbedrae betaal, maar nooit die opsie hê om die grond wat hulle beset (huur) te koop nie. Die rede hiervoor is onduidelik.

Boere sal hulp gegee word om van die een kategorie na die ander te verskuif, met die verstandhouding dat *“groter beter”* is. Mense wie regte tot goedgeplaaste grond vir vestiging wil verseker as ‘n basis vir veelvoudige lewensonderhoud strategieë en aktiwiteite, wat hulle uit landelike armoede kan neem, word nie in die voorgestelde stelsel voorsiening voor gemaak nie.

Sleutel aspekte van beide die huur en her-kapitaliserings beleide neem aan dat opkomende kommersiële boere die hoof begunstigdes sal wees volgens die verwagting dat huurders rekeninge moet oopmaak by banke en strategiese vennootskappe moet bou met ander kommersiële boere of privaat sektor besighede. Sleutel voorsorge van die huur beleid neem aan dat daar slegs een huurder per plaas sal wees en geen melding word gemaak van onderverdeling van groot plase om vir kleinboere te voorsien nie.

Die vier kategorieë boere tipes word gebasseer op die wanbegrip (denkfout) dat die *“skaal”* van ‘n gegewe boerdery gelyk is aan die *“grootte”* van die plaas. Dit is nie dieselfde ding nie. Skaal verwys na die relatiewe grootte

van die boerdery onderneming(wat grootskaals kan wees op ‘n klein area grond soos in die geval van intensiewe tuinbou en lewende hawe produksie, of klein skaal op ‘n groot area grond soos in uitgebreide lewende hawe in baie droë sones).

Die tipes en kategorieë raamwerk wat die basis vorm van hierdie nuwe beleidsrigtings maak daarom min sin, maar dit is duidelik dat vooruitgang tot die bevordering van klein en middel tot grootskaal kommersieële boere is wat aangeneem word as sukses. Gegee die regering se beheptheid met waarnemings van mislukkinge in grondhervorming en soeke na ‘n sukses resep is dit duidelik dat aansoekers in kategorieë 3 en 4 heel moontlik die hoof begunstigdes sal wees.

(ii) Die Landbou Grondbesit beleid is gebrekkig aan ‘n gesonde basis in beide teorie en in relevante ondervinding in ander kontekste.

Suid Afrikaanse landbou is baie veelsydig in haar produkte, stelsels en skale van produksie, deels as reaksie tot die hoë vlakke van omgewings veranderlikes (beide tussen en binne groot distriks munisipaliteite) maar ook met betrekking tot markte werklikhede.

Omgewings en markte toestande is dinamies (veranderlik) en wissel graag en soos die Landbou Grondbesit Beleidsraamwerk (**ALPF**) self toegee, is die beste (gunstigste) produktiwiteit ‘n konstant bewegende teiken.

Suksesvolle boere, beide klein en groot skaals is diegene wie skeppende en buigbare reaksies op die veranderende omstandighede kan bring. Om te dink dat almal dit kan doen (insluitend die denke van amptenare wie nooit self geboer het nie) en dat hulle indelings en groote bepalings kan doen wat ekonomies sin maak in Suid Afrika vandag is ‘n gevaarlike sprokie. Dit is moeilik om bemoeisiekes of dogmatiste in die regerende party te sien instem tot die toepassing van hierdie beleid en dit mag dalk moontlik stil na die 2014 verkiesing laat vaar word.

(iii) Dit lyk nie asof die ondervinding tot op datum van strategiese vennootskappe en gesamenlike ondernemings in grondhervorming in Suid Afrika in ag geneem was nie.

Grondhervormings begunstigdes wie gesê was (of verkies het) om strategiese vennootskappe met besighede aan te gaan, het gemengde ondervindinge gehad. Daar is sukses stories, maar ook groot getalle mislukkings. Sommige van die vennootskappe gevestig op die vrugte en neute plase in Limpopo het bankkrot geraak en ander kon geen aandelewins (dividente) aan gemeenskapslede betaal nie. Klein skaal boere en waterleidings skemas het hul hande verbrand in swak bestuurde gesamentlike ondernemings met tabak en vars produkte besighede. Baie van die besigheidsplanne deur hierdie vennote opgestel was vêr van toepaslik en het nie bruikbare instrumente, waarmee die optrede en vordering van begunstigdes van grondhervorming gemeet kan word, voorsien nie.

Vennootskappe en besigheidsplanne is nie wonder of genesingsmiddels vir die mislukkings in grondhervorming nie. Vele begunstigdes sou op hul eie sukses kon behaal indien hulle van toepaslike raad en begin kapitaal voorsien was, soos deur die Besters distriks bewys was. Tog neem die nuwe beleid aan dat privaatsektor vennote belangrik is vir die sukses van grondhervorming. Die lesse van onlangse ondervindinge blyk glad nie ‘n invloed te hê op hierdie nuwe beleid nie.

(iv) Die nuwe beleid maak onwerklike aannames omtrent die vaardighede en ondervinding van die regerings amptenare in verhouding met landbou.

‘n Sleutel swakpunt van grondhervormings beleid tot hede was die onvermoeë van grondhervormings amptenare om deel te neem in die beplanning van ondersteuning vir die produktiewe gebruik van grond wat oorgedra is en/of om die planne wat vir begunstigdes deur konsultante opgetrek was krities na te sien. Die nasionale department het ook vir jare vernalaat om hul programme met provinsiale departemente asook met ander verwante departemente soos menslike vestiging of waterwerke effektief te ko-ordineer. Onlangse ondervinding met die **PLAS** program dui daarop dat hierdie probleme nie oorkom was nie en dat die administrasie van verhurings en her-kapitaliserings toekennings steeds deur hierdie probleme ge-ondermyn word.

Is dit dan kredietwaardig om aan te neem dat amptenare die uiteenlopende en tegniese, gekompliseerde taak wat van hulle verwag word om te volbring met hierdie nuwe beleidsraamwerk kan doen. Miskien sal hul op die lange duur so kan doen indien hul intensiewe opleiding gegee word en waardevolle

ondervindinge kan meemaak onder die toesig van vaardige senior personeel. In die korttermyn is die antwoord ongelukkig ‘n defnitiewe NEE.